

DISSIPELSKAP. LES 44

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van God deur sy Gees, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYD]</i> ESTER 6,7,8 en 9
---	---

Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Ester 6, 7, 8 en 9). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (20 minute) <i>[DISSIPELSKAP]</i> GEE. 2 KORINTIËRS 9:6-7.
---	--

A. MEDITASIE (oor 'n Bybelgedeelte)

Lees 2 Korintiërs 9:6-15. “Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes. Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief. En God is by magte om aan julle alles in oorfloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk. Daar staan ook geskrywe: “Hy deel uit en gee aan die armes; hy bly altyd vrygewig.” God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer. Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees. Deur ons bemiddeling het julle vrygewigheid tot gevolg dat God gedank word, want die bediening van hierdiehulpbetoon voorsien nie alleen in die behoeftes van die gelowiges in Judea nie, maar bring ook oorvloedigedankbaarheid teenoor God mee. Deur hierdie duidelike bewys van julle bereidheid om te dien, sal daar baie wees wat aan God eer toebing. Hulle sal Hom prys oor julle gehoorsaamheid aan die evangelie van Christus wat julle bely, en oor julle opregte mededeelsaamheid teenoor hulle en teenoor al die ander. Hulle sal ook vir julle bid en met verlanse aan julle dink, omdat die genade van God oor julle so oorvloedig was. Ons dank God vir sy onuitspreeklike gawe.

Skryf die memoriseringsvers as volg op die bord. Skryf die teksverwysing ook aan die onderkant en agterkant van jou memoriseringskaartjie.

(4)

Gee 2 Korintiërs 9:6-7
Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes. 7 Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief. 2 Korintiërs 9:6-7

2 Korintiërs 9:6-7

1. Die Nuwe-Testamentiese beginsel vir gee.

Die Nuwe-Testamentiese beginsel vir gee is: 2 Korintiërs 8 en 9 en 1 Korintiërs 16:2.

Kom ons ontdek saam wat hierdie verse sê.

(1) Die eerste beginsel. Christelike gee is gee wat jy ontvang het.

2 Korintiërs 9:10 sê, “God, wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer.” 'n Christen kan net gee wat hy het, en wat hy het, het hy eers ontvang. God het hom eers saad gegee en nou mag en kan hy saai. 1 Korintiërs 4:7 sê, “Wie maak jou so belangrik? En wat besit jy wat jy nie ontvang het nie? As jy dit dan ontvang het, waarom stel jy jou so aan asof jy dit nie ontvang het nie?” Daarom is gee 'n gevolg van die genade van God en nie van die gulheid van die Christen nie! God gee die saad om te saai, maar ook die vermoë om die saad in die skuur bymekaar te maak, sodat die Christen nog groter goeiewerke vir God kan doen.

(2) Die tweede beginsel. Christelike gee is om die saad aktief uit te saai (uit te strooi).

2 Korintiërs 9:6 sê, “Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes.” As Christene gee, dan is dit nie weggegooi geld nie. Wat ’n Christen ookal gee, gaan nooit verlore nie, maar word intedeel vermenigvuldig! As Christene gee, dan saai hulle. Uiterlik lyk die saad klein en onbelangrik, maar innerlik het die saad baie potensieel. Die saad besit lewe en die potensieel om te groei en sig te vermenigvuldig! Maar om te kan groei en vrug te dra, moet die landbouer die saad eerst in die grond uitsaai (uitstrooi). Hy moet die saad eers weggee, voordat hy ’n oes kan verwag! Netsoos ’n saadjie kan opgroei tot ’n boom wat op sy beurt weer vrugte dra en sade ontwikkel, so kan die gawes van ’n Christen sig baie kere vermenigvuldig!

(3) Die derde beginsel. Christelik gee is om te oes wat jy gesaai het.

Galasiërs 6:7 sê, “Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat ’n mens saai, dit sal hy ook oes.” ’n Christen sal oes in verhouding tot wat hy gesaai het. Hierdie reël geld in die landbou, maar ook in die morele en geestelike wêreld. Wie karig zaai, sal karig oes. En wie volop saai, sal volop oes!”

Hierdie reël was al bekend in die Ou Testament. In Spreuke 11:24-25 staan geskrywe, “Daar is mense wat vrylik uitdeel en tog steeds meer het, daar is ander wat suinig is en tog arm word. Wie ’n ander voorspoed gun, sal self oervloed hê. Wie die dors van ander les, sal self genoeg kry as hy dors is.” In Spreuke 19:17 staan geskrywe, “Wie hom oor ’n arm mens ontferm, gee ’n lening aan die Here en Hy sal hom ten volle vergoed.” Jesus leer dat selfs as ’n mens aan iemand ’n beker kou water gee dat hy beloon sal word (Matteus 10:42). En iets om te eet te gee vir mense wat honger het, en iets om te drink te gee vir mense wat dors het, ’n vreemdeling huisvesting te gee en klere aan naakte mense te gee, mense wat siek is te besoek en ook mense in die gevangenis te besoek is dieselfde as hy dit vir Jesus Christus doen (Matteus 25:35-40)! Daarom moet Christene oervloedig saai! Hulle sal dan ook oervloedig oes!

(4) Die vierde beginsel. Die ware maatstaf vir christelike gee is nie die hoeveelheid nie, maar is die gees waarin gegee word.

2 Korintiërs 9:7 sê, “Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teënsin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.”

Gee gedurende die Ou-Testamentiese periode was nie vry nie, maar was ’n onderdeel van die seremoniële wet. Die Ou Testament het voorgeskryf hoeveel mense moes gee en waarvoor hulle moes gee (Maleagi 3:6-12). Israel moes nie net één tiende, maar drie soorte tiendes gee (Leviticus 26:30-33; Deuteronomium 12:4-7,17-19; Deuteronomium 14:22-29) en Israel moes hierdie tiendes gee vir die onderhoud van die Ou-Testamentiese tempel en tempeldienare. Kijk na handleiding 4, supplement 16 (*Gee*). Die tiendes in die Ou Testament.) Maar Jesus Christus het by sy eerste koms die wet vervul (Matteus 5:17), die regseis van God teen die Christen *uitgewis en vernietig* deur dit aan die kruis te nael (Kolossense 2:14) en die seremoniële wet met al sy voorskrifte (ingeslote die voorskrif oor die tiendes) *buite werking gestel en afgeskaf* (Efesiërs 5:15).

Waar die seremoniële wet van tienden onwettig in bepaalde kerkgenootskappe aan Christene opgelê word, gee daardie Christene dikwels onder dwang, met teënsin en sonder blydskap. As iemand met teënsin gee, dan treur hy oor sy verlies (of soos hy dit noem: oor sy slegte investering). En as hy onder dwang van ’n hoër gesagspersoon (die dominee of voorganger) of onder druk van die openbare mening in die gemeente ’n bepaalde bedrag moet gee, dan kan hy uiteindelik ’n teenstander van Christus en Christene word.

Die Bybel lê geen enkel kwota of persentasie vir gee aan christene op nie. Die Bybel leer dat christene soveel mag gee as wat hulle in hul hart voorgeneem het om te gee. Dan eers gee die christen vrywillig, gemotiveerd en blymoedig! Die praktyk leer dat baie christene meer as ’n tiende van hul inkomste gee (Lukas 21:1-4)! Dus die leiers van christelike gemeentes mag nie die outestamentiese reël aan hulle gemeentelede oplê nie! Arm christene hoef nie ’n tekort te hê nie en ryk christene kan meer as ’n tiende gee!

(5) Die vyfde beginsel. Christelik gee moet veral gereeld en sistematies wees.

(Letterlik:) “Julle moet aanhoudend bly gee (’n bevel in die onvoltooid teenwoordige tyd), en vir julle sal gegee word: ’n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol” (Lukas 6:38). 1 Korintiërs 16:2 sê, “Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit (’n bevel in die onvoltooid teenwoordige tyd) en dit opspaar, sodat die geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie.” Paulus vra die gemeentelede om gereeld en sistematies te gee, sodat geen spesiale kollekte gehou hoef te word nie. Die verwysing is nie na kollekte op Sondag tydens die erediens nie, maar na die persoonlike verantwoordelikheid van die Christene. Elke Christen moet besluit hoeveel hy wil gee en hierdie bedrag dan elke week opsy sit en saamneem na die raad van oudstes/ouderlinge of die diakens wat verantwoordelik is vir die finansies.

2. Wat is die seëninge wat volg op gee?

(1) Christelik gee sorg dat die gewer voldoende het vir sy eie behoeftes.

2 Korintiërs 9:8 sê, “En God is by magte om aan julle alles in oervloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê.” Vir die mense in die wêreld lyk dit baie onverstandig om jou geld weg te gee aan God se werk. Vir hulle is dit ’n slegte investering. Maar die mense in die wêreld weet nie dat God in staat is om die bietjie wat jy gee of die bietjie wat jy besit te vermenigvuldig nie! Gods genade lei altyd tot vermeerdering en nooit tot vermindering nie,

selfs al gee die Christen baie geld weg! Nadat die Christen geld (tyd, kragte, ens.) weggee het, sal hy ontdek dat hy voldoende oorhou vir sy eie behoeftes!

(2) Christelik gee maak 'n Christen oorvloedig in elke goeie werk.

2 Korintiërs 9:8 sê ook, “sodat julle altyd volop kan bydra vir elke goeie werk.” As 'n Christen gee, sal hy ontdek dat God hom nog ryker maak in goeie werke. 2 Korintiërs 9:9 sê, “Daar staan ook geskrywe: “Hy deel uit en gee aan die armes; hy bly altyd vrygewig (sy regverdigheid hou vir altyd stand).” Die Bybel suggereer nie dat 'n mens geregverdig sal word deur aan arm mense te gee nie, want 'n mens word alleen geregverdig deur geloof in Jesus Christus. Maar God maak 'n Christen wat gee ryk in geregtigheid, d.w.s. in goeie werke.

(3) Christelik gee maak 'n Christen vrygewig.

2 Korintiërs 9:11 sê, “Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees.” Sommige mense dink dat Paulus hier “die voorspoedevangelie” verkondig, naamlik, dat 'n Christen wat baie geld gee aan God (met die bygedagte: aan die gemeente), nog baie meer geld van God sal ontvang! Maar die konteks (vers 8-10) wys eerder na geestelike en innerlike rykdom dan na materiële en uiterlike rykdom. As 'n Christen (geld, tyd, energie, ens.) gee, word hy nie per definisie ryk in materiële sin nie. (Hy sal wel altyd voldoende vir sy eie materiële behoeftes hê (vgl. Matteus 6:25-34). Maar 'n Christen wat gee, leef! Hy leer om steeds meer en meer van homself, sy tyd en energie, sy talente en materiële besittinge aan God en sy Koninkryk te gee. Hy bly gee, omdat hy die oorvloedige genade van God in sy lewe wil ervaar.

(4) Christelik gee lei tot gebed (lofprijsing en danksegging) deur andere.

2 Korintiërs 9:11-14 sê dat die mense wat die gifte ontvang, tot God sal bid en Hom sal dank. Hulle sal ook vir die gewer bid. 1 Korintiërs 12:24-26 sê, dat God die Liggaam van Christus so saamgestel het dat daar geen verdeeldheid in sy Liggaam sou wees nie, maar dat alle leden op gelyke wyse vir mekaar sal sorg. As één lid ly, dan ly alle lede saam. Wat daar met die Kerk van Christus êrens in die wêreld gebeur (bv. oorstromings, droogtes, hongersnood, rampe, verdrukking, vervolging, ens.) die Kerk in die hele wêreld beïnvloed word. Nie alleen die lede van 'n plaaslike gemeente is die Liggaam van Christus nie, maar alle Christene en alle christelike gemeentes in die wêreld vorm saam die één Liggaam van Christus (Johannes 10:16)! Daarom hoort Christene in elke gemeente hulle besig te hou met wat daar gebeur met hulle broers en susters in die ander dele van die wêreld. Daarom behoort elke gemeente te oorweeg of hulle ook 'n ander gemeente êrens in die wêreld kan en moet ondersteun (2 Korintiërs 8:13-15). Daarom bid Jesus Christus dat almal wat in Hom glo één sal wees sodat die wêreld gaan glo dat God Jesus Christus gestuur het (Johannes 17:20-21).

(5) Christelik gee lei tot enorme waardering vir Gods onbeskryflike gawe.

2 Korintiërs 9:15 zegt, “Ons dank God vir sy onuitspreeklike gawe.” God het sy enige Seun as soenoffer vir ons sonde gegee. Met Christus het Hy ons *alles* gegee (Romeine 8:32)! Gods gee oortref ons gee in alles! God het nie “iets” gegee nie, maar Hy het Homself in Christus gegee! God het aan ons niks minder as die volmaakte geregtigheid van Jesus Christus gegee (2 Korintiërs 5:21)! God het ons sy Heilige Gees gegee (Romeine 8:9-10)! Met Jesus Christus gee Hy ons alle moontlike seënings wat daar in die hemel is (Efesiërs 1:3). God het ons die ewige lewe gegee, dws. dat ons Hom persoonlik mag ken, en vir altyd in volledige volmaaktheid by Hom mag woon! Daarom kan 'n Christen God se geskenk nie beskrywe nie! Maar hy kan wel Gods geskenk ervaar as 'n heerlike en lewensveranderende werklikheid! 'n Christen gee nie uit pligsbesef (omdat hy 'n bepaalde bedrag moet gee) nie, maar hy is dankbaar vir God se onbeskryflike geskenk in Christus. God se geskenk inspireer alle christelike gee!

3. Aan wie behoort Christene te gee?

(1) Gee aan die Christene wat jou onderrig.

1 Korintiërs 9:14 en Galasiërs 6:6 leer dat Christene behoort te gee aan mense wat die evangelie verkondig en die Bybel aan mense onderrig, selfs al behoort hierdie mense nie aan jou eie gemeente nie.

(2) Gee aan Christene wat leiding aan jou gee.

1 Timoteus 5:17-18 leer dat Christene behoort te gee aan die oudstes/ouderlinge wat hulle take in die gemeente goed verrig en ondersteuning nodig het. Maar die oudstes/ouderlinge (d.w.s. die leiers: herders, opsieners en lerare) van 'n gemeente mag geen steun van die gemeente eis nie. En ook mag die gemeentelide nie nalaat om sulke mense te steun nie. Sowel die mense wat gesteun word as die mense wat steun moet God vertrou.

(3) Gee aan Christene wat Gods werk op ander plekke doen.

Filippense 4:14-18 en 3 Johannes 5-8 leer dat Christene sendelinge en ander reisende evangeliste behoort te steun, selfs al behoort hierdie mense nie aan jou eie gemeente nie. Ook vir hulle geld 1 Timoteus 5:17-18.

(4) Gee aan Christene at behoeftig is.

Jakobus 2:15-17, 1 Johannes 3:17-18 en 2 Korintiërs 8:7-15 leer dat Christene steun behoort te gee aan hulle mede-Christene wat hulle hulp nodig het, soos, arm mense, weduwees, weeskinders, gestremdes en mense met moeilikhede. Christene behoort steun te gee aan ander christengemeentes in die wêreld wat arm is en vervolgd word.

(5) Gee aan die arm mense in die algemeen.

Spreuke 19:17; Spreuke 21:13 en Matteus 6:1-4 leer dat Christene ook behoort te gee aan nie-Christene in die wêreld

wat hulle hulp nodig het.

4. Hoeveel behoort Christene te gee?

(1) Gee in verhouding tot jou inkomste.

2 Korintiërs 8:12 sê, “As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie.” Terwyl gelowiges in die Ou-Testamentiese periode ‘n bepaalde bedrag (*drie tiendes*) (Leviticus 26:30-33; Deuteronomium 12:4-7,17-19; Deuteronomium 14:22-29) moes gee, behoort Christene in die Nuwe-Testamentiese periode te gee in verhouding met hul inkomste, in verhouding met wat hulle kan gee (2 Korintiërs 8:12) en in verhouding met wat hulle besluit het om te gee (2 Korintiërs 9:6-7). Die ryk Christene kan meer gee en die arm Christene mag minder gee.

(2) Gee oorvloedig volgens wat jy self besluit.

2 Korintiërs 9:6-7 zegt, “Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes. Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.” ’n Christen behoort van te vore ’n duidelike besluit saam met God in sy hart te maak m.b.t. hoeveel hy wil gee, hoe gereeld hy wil gee en hoe lank hy (aan ’n spesifieke persoon, projek of gemeente) wil gee. Dis ’n persoonlike saak tussen hom en God. Niemand mag aan hom opleë hoeveel hy moet gee of aan welke gemeente of Christen organisasie hy moet gee nie. Nietemin spoor die Nuwe Testament Christene aan om oorvloedig te gee, ja, selfs met opoffering te gee (Lukas 6:38; Handeling 20:35; 2 Korintiërs 9:6)!

B. MEMORISATIE EN REPETITIE

1. Skryf.

Skryf die Bybelvers op ’n kaartjie of op ’n bladsy van ’n notaboekie.

2. Leer.

Leer die Bybelvers op die korrekte manier uit je kop. (4) Gee. 2 Korintiërs 9:6-7.

3. Repeteer.

Verdeel in groepies van twee en gaan mekaar se laaste gememoriseerde Bybelvers na.

4	BIJBELSTUDIE (70 minuten)	<i>[LEWE IN DIE WÊRELD]</i> <i>LYDING IN DIE WÊRELD. 1 PETRUS 2:11-25</i>
---	---------------------------	--

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit 1 Petrus 2:11-25.

STAP 1. LEES.

GOD SE WOORD

Lees. Ons gaan 1 Petrus 2:11-25 saam bestudeer.

Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK.

WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

OF: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

2:23

Ontdekking 1. Toe Jesus Christus gely het, het Hy Homself nie gewreek nie en ook nie gedreig nie.

“Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie. toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.” Wanneer Christene ly, byvoorbeeld onder verdrukking en vervolging deur ander godsdienste in die wêreld, dan mag hulle nie wraak neem nie en ook nie hulle vyande dreig met vergelding nie. God het nie aan die aanhangers van ’n bepaalde godsdienst die reg gegee om die wet in eie hande te neem en mense met terroristiese aanslae of deur steniging te dood nie. Die reg om die strafwet uit te oefen is alleen aan die regters van ’n land as gesagdraers namens God gegee (Romeine 13:1-2)!

Die wet van vergelding: “’n Oog vir ’n oog en ’n tand vir ’n tand” (Leviticus 24:17-22; Eksodus 21:22-24) was ’n onderdeel van die strafwet van Israel en nie ’n reël wat elke mens maar in eie hande mag neem nie! Die wet van vergelding leer dat die straf eweredig moes wees aan die misdaad wat gepleeg is. “Iemand wat moord pleeg, moet die doodstraf kry. As iemand ’n ander se dier doodmaak, moet hij dit vervang. Die beginsel is: ’n lewe vir ’n lewe. As iemand ’n medemens opsetlik beseer, moet aan hom presies dieselfde gedoen word: as hy iemand se been opsetlik

gebreek het, moet sy been ook gebreek word; as hy iemand se oog opsetlik beskadig het, moet sy oog ook beskadig word, as hy iemand se tand opsetlik uitgeslaan het, moet sy tand ook uitgeslaan word. Daar moet aan hom gedoen word wat hy opsetlik aan sy medemens gedoen het. ... Hierdie beginsel geld vir gebore Israeliete en vir vreemdelinge, “want Ek, die Here, is julle God.”

Bij die uitoefening van die strafreg moet daar minstens twee getuie wees. Die regters moet die saak eers sorgvuldig ondersoek. Die opgelegde straf behoort ander misdadigers af te skrik, sodat dergelike misdade nie herhaal word nie! “Daar mag nie net één persoon teen iemand getuig nie, al was die oortreding of die misdaad ook wat, al het hy ook hoe verkeerd gehandel. ’n Beskuldiging kan net bewys word deur die getuienis van twee of drie getuies. Wanneer ’n kwaadwillige getuie iemand van ontrou aan die Here beskuldig, moet die twee mans wat in die saak betrokke is, voor die Here verskyn, voor die priesters en die regters wat aan diens is. Die regters moet die saak deeglik ondersoek en as dit blyk dat die persoon wat sy volksgenoot beskuldig het, ’n vals getuie is, moet julle hom aandoen wat hy sy volksgenoot wou aandoen. So moet hierdie soort kwaad tussen julle uitgeroei word. Die ander mense sal daarvan hoor en bang word en hierdie soort van verkeerde ding sal nie weer tussen julle voorkom nie. Jy mag so ’n persoon nie genade betoon nie: ’n lewe vir ’n lewe, ’n oog vir ’n oog, ’n tand vir ’n tand, ’n hand vir ’n hand en ’n voet vir ’n voet” (Deuteronomium 19:15-21).

2:21

Ontdekking 2. God roep christene om te ly.

God roep Christene in die voetspore van Jesus Christus te wandel. Hier gaan dit om die voorbeeld van Jesus Christus te volg wanneer Christene ten onregte ly onder die verdrukking en vervolginge van hul medemense. Christene moet op lyding reageer soos Jesus Christus dit gedoen het. Lyding is onvermydelik! Jesus Christus het gesê, “Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg” (Matteus 5:11-12). En die apostel Paulus sê, “Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word” (2 Timoteus 3:12). Christene moet verwag dat nie-Christene hulle met veragting en met onreg sal behandel. In die christelike geloof is lyding ter wille van Christus sinvol!

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in 1 Petrus 2:11-25 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen ’n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

2:18

Vraag 1. Hoe moet Christene oor slawerny dink?

Aantekeninge. Slawerny is ’n baie ou instelling in die wêreld (Genesis 9:26-27; Genesis 21:10; Genesis 39:17; Genesis 44:10). Slawerny was belangrik in Egipte. “Daar is toe slawedrywers oor hulle aangestel om hulle met dwangarbeid te onderdruk. Hulle moes die voorraadstede Pitom en Rameses vir die farao bou” (Eksodus 1:11-14). Slawerny was ook bekend in Israel, maar die siviele/burgelike wet van Israel het reëls m.b.t. slawerny gehad. “Dit is die bepalings wat jy die Israeliete moet meedeel: Wanneer jy ’n Hebreuse slaaf koop, moet hy ses jaar vir jou werk, maar in (die begin van) die sewende jaar moet jy hom vrylaat sonder dat hy iets vir jou daarvoor betaal” (Eksodus 21:1-2). Gedurende die Nuwe-Testamentiese periode was daar nog steeds slawe wat buite onder slawedrywers gewerk het (Matteus 18:25) en huisslawe of huisdienare wat veel meer kontak met hulle besitters en meesters gehad het (Matteus 24:45).

’n Aantal van hierdie slawe het ook Christen geword en die apostels sê hoe hierdie slawe hulle moes gedra. Petrus sê, “Bediendes (Grieks: oiketés, huisslawe), onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers (Grieks: despotés, eienaars, meesters), of hulle nou goedgehartig en vriendelik is, of onredelik” (1 Petrus 2:18). En Paulus sê, “Slawe, wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag maar terseldertyd met ’n opregte hart, asof dit vir Christus is” Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen. Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie” (Efesiërs 6:5-7). God praat nie oor vryheid en gelykheid in alle menslike verhoudinge nie, maar om die geregtigheid en die koningskap van Jesus Christus in die lewe van alle mense in alle soorte van sosiale omstandighede, ongeag of mense vry of nog slaaf is. “Julle weet tog dat die Here elkeen sal beloon as hy iets goeds gedoen het, of hy nou slaaf is of vry.” “En eienaars, behandel jul slawe met dieselfde gesindheid. Hou op om hulle te dreig. Dink daaraan dat die Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is, en hy trek niemand voor nie” (Efesiërs 6:8-9). Christen slawe moet die koningskap van Jesus Christus uitbrei onder ander slawe. Hulle gee die voorbeeld hoe om Jesus Christus te verteenwoordig deur innerlike ontsag en uiterlike eerbied te toon aan hul meesters, selfs as hulle

meesters onregverdig is! En Christen meesters moet die koningskap van Jesus Christus uitbrei onder ander meesters. Hulle gee die voorbeeld hoe om Jesus Christus te verteenwoordig deur hul werknemers nie te dreig nie en ook sommige van hulle nie voor te trek nie.

Hierdie Bybelse verhouding tussen meester en slaaf mag vandag toegepas word in moderne verhoudings tussen werkgewers en werknemers. Werknemers wat Christene is moet hulle onderwerp aan die gesag van hulle werkgewers, hulle met respek gehoorsaam en van harte dien asof hulle die Here Jesus Christus dien (Kolossense 3:23).

Wanneer hulle werkgewers onredelike eise stel, sal hulle ly. Byvoorbeeld, sommige werkgewers maak asof die werknemers hul eiendom is en eis van hulle om baie oortyd te werk, gebruik hulle in ongesonde en selfs gevaarlike werksomstandighede en stel onredelike eise aan hulle. Ander werkgewers strik arbeiders wat desperaat is om werk te vind, laat hulle oorure werk, betaal hulle onvoldoende en ontslaan hulle vir die minste oortreding. Wanneer werkgewers eise aan hul werknemers stel wat in die Bybel verbied word, mag werknemers hul werkgewers met respek teëstaan. Byvoorbeeld, wanneer hul werkgewers verwag dat hulle omkoopgeld moet gee en ontvang, oneerlik moet wees, korrupsie pleeg, beroepsgeheime steel, sake doen met die maffia, dreigbriewe moet verstuur, moord moet pleeg, moet smokkel met produkte, voedingstofte en medisyne, ens. Werknemers mag aan hulle werkgewers sê dat hulle meer gehoorsaam moet wees aan God dan aan hulle werkgewer (Handelinge 4:19-20; Handelinge 5:29). As werkgewers hulle dan ontslaan, dan ly die werknemers en moet hulle hul lyding waardig gedra. Christene mag ly as hulle goed doen, maar nie as hulle kwaad doen nie.

Slawerny is nog steeds nie uit die wêreld uitgeroei nie. Daar is kinderslawerny waar kinders en jong mense ontvoer word en gewerf word om sonder onderwys in terroristiese leërs oorlog te voer. Daar is vroue slawerny waar vroue met leuens gewerf word om sonder paspoort of enige regte in die seksindustrie in vreemde lande te werk. Daar is kinderslawerny onder arm mense waar kinders (selfs deur hulle ouers) gedwing word om vir weinig geld goedkoop produkte te maak sodat die einaars ryk word en regeringsleiers dit toelaat ter wille van die landseconomie of ter wille van die omkoopgeskenke wat hulle ontvang. Daar is slawerny aan verdowende middele onder alle lae van die bevolking. Producente en verspreiders van verdowende middele maak miljoene slagoffers. Daar is ook verslawing in dobbelspele en loterye. Christene moet teen al hierdie vorme van slawerny 'n standpunt inneem en optree. Christene moet honger en dors na geregtigheid (Matteus 5:6), dws. op 'n waardige manier reg en geregtigheid tot stand bring. Christene moet volhard om goed te doen, hard te werk, trou te wees en kwaliteit te lewer. Christene behoort met hulle werkgewers sake aan te roer wat volgens die Bybel moet verander, maar hulle mag nie agter die rug van hulle werkgewers oor hulle skinder of teen hulle kwaadsprek of teen hulle in opstand kom nie.

2:19

[Vraag 2. Wat is die voordele as jy ly omdat jy doen wat goed en reg in God se oë is?](#)

Aantekeninge. Daar bestaan godsdienste vandag waar mense beloon word as hulle kwaad doen. Aanhangers word aangemoedig om kwaad te doen met leuens. Byvoorbeeld, as hulle sterf in 'n sogenaamde "heilige oorlog" dan sal hulle onmiddelik paradys toe gaan! Maar Christene mag nie die lyding verheerlik deur kwaad te doen nie. Christene mag alleen ly deur goed te doen en te doen wat reg is in die oë van die God van die Bybel. Die profete in die Ou-Testamentiese periode het dikwels gely omdat hulle gedoen het wat goed en reg was. Die apostels in die Nuwe-Testamentiese periode het gely omdat hulle gedoen het wat goed en reg was in God se oë. En Christene word nog steeds geroep om te ly vir wat goed en reg in God se oë is.

Maar Christene word ook geroep om te reageer op hul lyding netsoos Jesus Christus daarop gereageer het. Christene mag nie hulleself wreek nie en ook nie hul teenstanders dreig nie, maar moet die onreg wat hulle aangedoen is by God in die hemel neerlê, want Hy sal eenmaal in die laaste oordeel met volkome regverdigheid oordeel.

Bovendien het die doen van wat goed en reg is in die oë van God voordele vir Christene:

- Matteus 5:11-12 sê, "Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg" (Josef, Moses, Elia, Jeremia, Daniël, Johannes die Doper).
- Romeine 5:3-4. "Ons verheug ons in die swaarkry (Grieks: thlipsis, verdrukkinge wat deur uiterlike omstandighede veroorsaak word) want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof (Grieks: dokimé, goedgekeur in beproewing, dus karakter) en egtheid van geloof kweek hoop; en die hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons hart uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het."
- Hebreërs 12:10-11 sê, "Ons vaders het ons wel 'n kort tydjie na hulle goëddunke getug, maar Hy tug ons tot ons beswil sodat ons in sy heiligheid mag deel. Wanneer ons getug word lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir dié wat daardeur gevorm is, 'n goeie vrug: vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God."
- Jakobus 1:2-4 sê, "Julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end-uit volgehou word, sodat julle tot volle geestlike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming."

Vraag 3. Waarom is daar soveel lyding en dood in die wêreld?

Aantekeninge. Die Bybel noem minstens vyf invalshoeke vir die lyding in die wêreld: mense ly omdat hulle (1) goddeloos is, (2) onregverdig is en onreg doen, (3) in leuens glo, (4) weet dat hulle doodgaan en (5) onder God se oordeel staan.

(1) Lyding deur goddeloosheid.

• **Wat is goddeloosheid?**

Lees Romeine 1:18-23. Gods “toorn” is God se heilige misnoë (ontevredenheid) met die sonde, sy regverdige misnoë met die goddeloosheid en onregverdigheid van mense. “Goddeloosheid” is om nie te glo in die bestaan van God of nie rekening te hou met die God wat Hom in die Bybel geopenbaar het nie. Dis om te lewe as ’n ateïs – ’n persoon wat sy eie “god” is en doen wat goed in sy eie oë is (Rigters 21:25). Goddeloosheid is om te glo in ’n god, maar dan in ’n afgod wat met mensehande gemaak is of deur die verstand en verbeelding van godsdienstige mense uitgedink is. Goddeloosheid is om te vertrou op bose geeste of demoniese magte. Kortom: goddeloosheid is ’n verkeerde of verbroke verhouding met die God wat Hom in die Bybel geopenbaar het

• **Waarom is mense goddeloos?**

Mense maak vir hulleself gode, of ontken die bestaan van die God van die Bybel, omdat hulle eintlik self wil bepaal hoe hulle lewe. Hulle maak vir hulleself gode wat toelaat dat hulle in sonde lewe en ook hulle sondige lewe goedkeur. Hulle gode vra nooit dat hulle hul moet bekeer of verander nie! Mense wat die ware en lewende God eer en dien, kan nie maar aanhou met lewe soos hulle wil nie en hulle kan nie die persoon bly wat hulle wil wees nie. Die ware en lewende God wil dat mense verander, sodat hulle word soos Hy bedoel het dat hulle word! Daarom wil baie mense niks met die God van die Bybel te make hê nie, want Hy eis van hulle bekering en verandering van hul lewe! Hulle hou van die duisternis en wil nie verander nie (Johannes 3:19-21)!

• **Wat is die gevolge van goddeloosheid?**

Om te lewe sonder God tas ’n mens se denke, hart en verhouding aan. Goddeloosheid bring die heilige toorn (woede) van God oor mense (Romeine 1:18). Omdat die mens hulle rug na God toe draai, kry die mens te make met baie soorte van lyding. Goddeloosheid maak dat sy gedagtes en ideë niks bereik nie (Romeine 1:21b-22). Sonder God se waarheid en wysheid lewe die mens in ’n wêreld van leuens en bedrog. Mense bedrieg mekaar en dit veroorsaak dat nie alleen hulleself ly nie, maar ook baie ander mense! Goddeloosheid veroorsaak sedeloosheid (Romeine 1:23-24). Baie mense kan geen krag in hulleself vind om iets goeds te doen nie of selfs iets goeds te wil doen nie. Sonder ’n hart wat God respekteer en goeie werke doen, ly mense en veroorsaak hulle dat ander mense ook ly! Kortom, mense ly omdat hulle die bestaan van die ware en lewende God ontken en omdat hulle die ware en lewende God vervang met hulle selfgemaakte gode.

(2) Lyding deur ongeregtheid.

• **Wat is ongeregtheid?**

Lees Romeine 1:24-32. Gods “toorn” is God se heilige misnoë (ontevredenheid) met die ongeregtheid van mense. Mense versin allerlei maniere om kwaad te doen, sleep mekaar af in ’n verdorwe lewensstyl en keur selfs die slegte dinge goed. Vers 28-32 beskryf wat in God se oë “ongeregtheid” is: seksuele immoraliteit en perversiteit, hebsug en bedrog, skinder en grootpraat, jaloesie, ongevoeligheid en ontrou. Geen wonder dat mense wat hierdie dinge aan mekaar doen nie, ly! Kortom: ongeregtheid is ’n verkeerde of verbroke verhouding met ander mense.

• **Waarom doen mense ongeregtheid?**

Mense doen onreg en hulle is onregverdig omdat niemand ander wil dien nie. Hulle wil net hulle eie sondige verlangens dien! Van nature is mense onafhanklik en selfvoldaan. Hulle is selfsugtig! Mense keur onheilige oorloë en onheilige lewensstyl goed op grond van hulle godsdienstige oortuiginge.

• **Wat is die gevolge van ongeregtheid?**

Die verhouding wat mense met God het, bepaal sy verhouding met ander mense! As mense die ware en lewende God verwissel met valse gode of met hulleself, dan gee God hulle oor aan hulle eie (slegte) hartstogte, aan hulle eie (verdorwe) denkbeelde en aan hul eie (verkeerde) gedrag (Romeine 1:26-28)! Dan laat God toe dat mense word wat hulle graag wil word! Dan gee God hulle uiteindelik oor aan hul eie slegte lewensstyl. Mense loop dan deur onder die gevolge van hul eie slegte begeertes. Wat hulle saai, oes hulle (Galasiërs 6:7-8). Omdat hulle goddeloos wil wees, is hulle ook onregverdig en proe hulle hoe ’n lewe sonder God in werklikheid is! Die mense stort dan af op die breë pad wat na die verderf lei en wat hulleself gekies het (Matteus 7:13). Kortom, mense ly omdat hulle onreg doen, onreg by ander mense aanwakker en onreg in die wêreld goedkeur (Romeine 1:32). Mense veroorsaak so baie skade aan mekaar en almal ly.

(3) Lyding deur leuens.

• **Wat is waarheid?**

Lees Romeine 1:18 en 25. God se “toorn” is God se heilige misnoë (ontevredenheid) met die goddeloosheid en ongeregtheid van die mens. God is woedend omdat mense die waarheid onderdruk of verander (vervang met leuens).

Mensen ly omdat hulle die waarheid met hulle ongeregtigheid onderdruk of met leuens vervang. “Die waarheid” is eerstens Jesus Christus Self (Johannes 14:6) en tweedens alles wat in die Bybel geskrywe staan (Johannes 17:17). Die waarheid oor “geborgeneheid voel” (wanneer ’n mens aan God oorgegee is), is: hy weet dat God hom onvoorwaardelik lief het en heeltemal aanvaar (Jesaja 43:4). Die waarheid oor “betekenisvol lewe” is: hy weet dat wat God vra m.b.t. wat hy is en doen, baie belangrik en sinvol is (Jeremia 29:11). Dus, wanneer ’n mens God se Woord in die Bybel verander of verdraai, dan word dit ’n leuen en veroorsaak dit lyding.

Waarom ontken, onderdruk of vervang mense die waarheid? Mense wil nie die waarheid hoor nie of met die waarheid lewe nie, omdat die waarheid eis dat ’n mens verander en dis nou net wat ’n mens nie wil nie. As gevolg hiervan ontwikkel mense verkeerde geloofsoortuiginge, verwronge morele waardes en allerlei probleme. Solank die politieke owerhede, die godsdienstige gesagspersone en die gewone mense weier om weergebore te word en te verander, bly hulle goddeloos en onregverdig, eiegeregtig en selfgerig, en bly hulle aanhou om die waarheid te onderdruk en te verander vir hulle eie doeleindes.

• Wat is die gevolge as ‘n mens die waarheid onderdruk of vervang?

Wanneer mense die waarheid oor geborge voel ontken of met ’n leuen vervang, dan word hulle onseker, eensaam, angstig, of kry ’n lae dunk van hulleself. En wanneer hulle die waarheid oor sinvol lewe ontken of met ’n leuen vervang, dan kan hulle nie meer die sin van die lewe op die aarde sien nie, dink hulle dat hulle lewe waardeloos is, of hulle wil nie meer lewe nie. Mense sonder die ware en lewende God is ook sonder die waarheid wat God geopenbaar het! Hulle ken nie die waarheid oor God nie en ook nie die waarheid oor hulleself nie. Hulle weet nie mooi wie hulle is nie, waar hulle vandaan kom nie, hoekom hulle lewe nie of waarheen hulle op pad is nie! Hulle ly omdat hulle dink dat hulle niks werd is nie en omdat hulle baie onseker voel. Hulle ly omdat hulle geen sin in die lewe kan sien nie en omdat hulle hulself oorgegee het aan ’n destruktiewe lewensstyl. Kortom: wanneer jy die waarheid onderdruk of vervang, dan het jy ’n verkeerde verhouding met jouself.

• Wat is zonde?

Deur die sondeval het elke mens van nature ’n verkeerde verhouding met die God wat Hom in die Bybel geopenbaar het, ’n onvolmaakte verhouding met ander mense en ’n skeefgegroeide verhouding met homself. Elke natuurlike mens is goddeloos, doen ongeregtigheid en glo in leuens. Die Bybel noem hierdie drie ontaarde verhoudinge “sonde”. Die oorsaak (‘wortel’) van die sonde is ’n verbroke verhouding met die ware en lewende God. Sonde beteken dat ’n mens onafhanklik van God en selfvoldaan wil wees. Sonde beteken om Gods doel met jou lewe te mis. Sonde beteken om Gods gebooie te oortree en teen God te rebeleer. Sonde beteken om Gods werklikheid te verander en Gods waarheid (Sy Woord) te verdraai. Die gevolge (vrugte) van die sonde is dinge doen wat God verbied en dinge nalaat wat God gebied. Dus, die werklike rede waarom daar soveel lyding en dood in die wêreld is, is SONDE.

(4) Lyding deur die dood.

• Wat beteken: “de dood”?

Romeine 6:23a sê, “Die loon wat die sonde gee, is die dood” “Die dood” is iets wat alle natuurlike mense vrees. Die dood is so erg, dat baie mense die woord “dood” nie eers wil uitspreek nie, omdat hulle bang is dat hulle die dood oproep. Mense wil liever nie oor die dood nadink nie of daarvoor praat nie. Die dood word deur baie mense ervaar as die ergste van alle lyding. Hulle lewe voortdurend in angs vir die dood (Hebreeërs 2:15). Die woord “dood” het verskillende betekenisse in die Bybel:

Die geestelike dood. Lees Efesiërs 2:1-3. Elke mens bestaan uit ’n liggaam en ’n gees (of siel). “Die geestelike dood” beteken dat die gees van die mens dood is. Dit is die toestand waarin die gees van die mens van God en die lewe met God geskei is. Die gees of die hart van die mens moet eers weergebore word voordat dit regtig kan lewe. Dan eers kan die mens die lewende God leer ken!

Die liggaamlike dood. Lees Psalm 49:10-12; Prediker 12:7; Prediker 9:5-6,10. “Die liggaamlike dood” beteken dat die liggaam van die mens dood is. Dit is die toestand waarin die liggaam van die mens van sy gees (siel) en van die lewe op die aarde geskei is. Wanneer ’n mens sterf, dan laat hy alles agter en word weer stof.

Die ewige dood. Lees Matteus 10:28; 25:46a; Lukas 16:22-26; Openbaring 20:14-15. “Die ewige dood” beteken dat die mens (met sy liggaam en gees) vir ewig van God se teenwoordigheid geskei is. Die mens is oorspronklik geskape om vir God te lewe (Kolossense 1:16). Maar wanneer ’n mens tot die einde vir homself lewe, sy verhouding met God nie herstel nie en die bedoeling van God met sy lewe bly mis, dan word in die laaste oordeel bekend dat daarin geen verandering meer kom nie. Vir hom is daar geen plek in die hemel nie en ook nie op die nuwe aarde nie. Hy gaan na ’n plek waar die teenwoordigheid van God en sorg van God nie is nie: die hel (2 Tessaloniense 1:8b-9).

• Wat is die gevolge van die dood?

Die dood bring skeiding. Die dood veroorsaak dat jou gees van jou liggaam geskei word (Prediker 12:7) en jou liggaam terugkeer na die elemente (stof) van die aarde (Genesis 3:19). Die dood veroorsaak skeiding van jou familie en vriende. Jy moet hulle loslaat en agter jou laat (Lukas 16:27-28). Die dood veroorsaak skeiding van al jou besittings en van alles wat jy op die aarde versamel en bereik het en so hard gewerk het (1 Timoteus 6:7). Die dood veroorsaak skeiding van deelneem aan enigiets op hierdie aarde (Prediker 9:6). Die dood is ’n verskrikking vir mense wat agterbly. Hulle moet die oorledene mis. Die dood beteken bo alles vir mense wat geen persoonlike verhouding met God het nie, dat hulle gladnie weet wat hulle te wagte staan na die dood nie! Daarom is die dood hul grootste vyand en angs. Kortom: mense ly omdat hulle besef dat hulle eenmaal doodgaan!

(5) Lyding deur God se oordeel.

• **Wat is God se oordeel?**

Die gevolg van die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mens is dat die mens God se toorn (woede) oor homself afroep (Romeine 1:18). Gods “toorn” is God se heilige misnoeë (ontevredenheid) met die sonde, sy regverdige verontwaardiging oor die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mens. God se teenwoordige oordele is sy straf op die sonde van die mensheid en tegelyk sy waarskuwing vir mense dat hulle hulle moet bekeer. God oordeel en straf omdat Hy ernersyds heilig en regverdig is en die goddeloosheid en onregverdigheid van mense moet straf. Maar God is andersyds liefdevol en wil die mens weer op die regte pad bring. As ’n kind iets doen wat sleg is, dan word sy vader kwaad. Die gevolg is dat die vader sy seun straf sodat hy sy slegte gedrag afleer. “Omdat die verkeerde daad nie meteen gestraf word nie, hou mense eenvoudig aan om verkeerd te doen” (Prediker 8:11). So is dit ook met God en die mens. God is nie tevrede met die slegte toestand van sake op die aarde nie. *Daarom oordeel God nou al die slegte gedrag van mense.* Dit doen Hy op twee maniere: Deur sy ingeboude oordele in die skepping en deur sy uitgevoerde oordele in die geskiedenis

• **God se ingeboude oordele in die skepping.**

Lees Galasiërs 6:7-8a. Waarom laat God nou al bepaalde vorme van oordeel op die aarde toe? God laat mense ly as gevolg van hul eie sondes. God het natuurwette in sy skepping ingebou. As jy die swaartekrag ignoreer, val jy dood. God het ook morele en geestelike wette in sy skepsels ingebou. “Wat ’n mens saai, dit sal hy ook oes”. Byvoorbeeld, ’n mens wat luiheid saai, oes armoede. ’n Mens wat haat saai, oes gebroke verhoudinge. ’n Mens wat tirannie saai, oes ’n oorlog. ’n Mens wat onreinheid saai, oes geslagsiekte. Mense ly dus dikwels as gevolg van hul eie wandade. Dus, ’n mens wat sonde saai, sal God se oordeel oes.

• **God se uitgevoerde oordele in die geskiedenis.**

Lees Esegaiël 14:21; Amos 4:6-12; Haggai 1:3-11. God voer die heerskappy oor die wêreld en en dus ook heerskappy oor die kragte van die natuur en die gebeurtenisse in die geskiedenis! As mense ongehoorsaam is aan God of sy verhouding met God is verbreek, dan trek God sy sorg en beskerming van hierdie mense terug en oefen Hy straf uit oor hulle. Byvoorbeeld, Hy onttrek sy seën van die ekonomie, landbou en industrie. Haggai 1:6 en 9 sê, “Julle het baie gesaai, maar min geoes; julle het geëet, maar nie genoeg gekry nie; julle het gedrink, maar dors gebly; julle het klere aangetrek, maar nie warm geword nie; julle is soos ’n dagloner wat sy loon in ’n stukkende beursie steek. ... Julle het ’n groot oes verwag, maar min gekry, en wat julle nog huistoe gebring het, het Ek laat verdwyn (NIV: weggeblaas).” God gebruik oorloë, epidemies, aardbewinge, oorstrominge, droogtes en hongersnood om aan mense sy misnoeë oor hulle sondes te toon en hulle tegelyk te waarsku dat hulle hul moet bekeer (Handelinge 3:19; Openbaring 9:20-21). Die rede waarom God nou al oordele oor mense op die aarde bring, is dat Hy hulle wil waarsku en hulle bewaar bly van sy ewige laaste oordeelsdag! Die doel van God se spesifieke oordele is om mense aan te spoor om met goddeloosheid en ongeregtigheid te breek en vir God heilig en regverdig te gaan lewe (Hebreërs 12:4-11), sodat hulle nie uiteindelik die ewige laaste oordeel van God hoef te ondergaan nie!

• **God se toekomstige eindoordeel.**

Lees Hebreërs 9:27. Waarom is daar ’n toekomstige laaste oordeel? Die lewe op hierdie aarde is duidelik onregverdig (*Lees Psalm 73:2-20*). Die goeie mense ly, vrygewige mense word uitgebuit, vriendelike mense word geterroriseer en arm mense word beroof. En die teenoorgestelde gebeur ook! As God goed en magtig is, hoe kan Hy dan toelaat dat daar soveel onreg op die aarde gebeur? Juis omdat God goed en almagtig is, gaan Hy geregtigheid in die heelal herstel! Dit gaan Hy doen deur alle mense wat ooit geleef het in die laaste groot oordeel te bring! God sal ongeloof, ongeregtigheid en nalatigheid in alle vorme straf met die ewige vuur van die hel (Openbaring 21:8). Mense sal verstoot word, vêr van die Here en sy krag en majesteit (2 Tessalonisense 1:9). In die laaste oordeel maak God aan alle mense wat ooit geleef het bekend waarom hulle die ewige straf of die ewige lewe te wagte staan (Matteus 25:46). Kortom: mense ly omdat hulle vermoed dat hulle eenmaal geoordeel sal word.

• **Die verhouding tussen sonde en lyding.**

Elke mens is ’n onderdeel van ’n bepaalde geheel: hy vorm ’n deel van ’n gesin, ’n woonplek, ’n volk, en van die mensheid. Daarom ly hy as gevolg van minstens een van die volgende redes:

Hy ly as gevolg van sy eie sonde (Romeine 3:23; 6:23a; Numeri 12:1-10)

Hy ly as gevolg van die sonde van iemand anders (2 Samuël 24:15-17; Romeine 5:12)

Hy ly as gevolg van die sonde van ’n volk (1 Samuël 5:1-6)

Hy ly as gevolg van die sonde van die hele mensheid (Genesis 6:5-7; Romeine 5:17-19)

Hy ly as gevolg van die slegte bedoeling van die satan (Matteus 12:22; Lukas 13:16)

En hy kan ly as gevolg van ’n goeie doel en plan van God (Johannes 9:1-3).

Kortom, menslike lyding is die gevolg van die geestelike aftakeling van die mensheid waarvan elke mens ’n onderdeel vorm

Vraag 4. Hoe moet Christene reageer op die lyding vir geregtigheid?

Aantekeninge. In die wêreld reageer mense dikwels op lyding deur wraak en geweld. Hulle staan op sogenaamde “regte van die mens” wat hulleself gedefinieer het sonder om ag te slaan op God en sy woorde in die Bybel. Vakbonde van werknemers roep hul lede op om te staak en dwing werknemers wat nie wil staak nie met geweld. Of hulle probeer die werkgewers te dwing deur hulle eïdomme te vernietig. Werkgewers ontslaan werknemers wat nie wil saamwerk met die korrupte praktyke en maffia verhoudings van werkgewers nie, ens. Families neem die wet in eie hande en pleeg sogenaamde “eerwraak” wanneer hulle ‘n ander vermoor. Sogenaamde vryheidstryders in ‘n land ontketen ‘n burgeroorlog teen die regering onder die mom van vryheid en demokrasie, maar as hulle eenmaal aan die mag is, vorm hulle ‘n religieuse staat wat ander godsdienste en minderheidsgroepe onderdruk. Nie-Christene reageer dikwels op onreg deur meer onreg te pleeg. Vir hulle geld die wet: “Oog vir ‘n oog en tand vir ‘n tand” (Matteus 5:38).

Hoe sou Christene dan moet reageer op onreg? Jesus sê, “Geseënd is dié wat vervolgt word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel” (Matteus 5:10). Die apostel Paulus spreek teen onreg (Handelingen 23:1-5). Die Here Jesus Christus het opgekom vir die waarheid, maar het geswyg wanneer Hyself beskuldig word (Markus 11:15-17; Markus 14:60-62; Markus 15:1-5). Die apostel Petrus sê, “Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus Self vir julle gely en so vir julle ‘n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg. Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit ‘n leuen gekom nie. Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel” (1 Petrus 2:21-23). Christene behoort in die voetspoor van Jesus te loop. Toe Hy gearrester is, het Hy sy teenstanders nie gedreig met die leërs van die hemel nie, maar het Hy juis sy dissipels tereggewys toe hulle geweld begin gebruik het (Matteus 26:51-54). Toe Hy geïgnoreer en bespuig is, ‘n doringkroon op sy kop gedruk is, en mense Hom aanhoudend met ‘n stok op sy kop geslaan het, het Hy heeltemal niks gesê nie (Matteus 27:26-31).

Maar dit was nie lijdlike verset nie! Jesus het aktief teenoor onreg opgetree! Hy het die oordeel aan God wat regverdig oordeel, oorgelaat (1 Petrus 2:23). Telkens as Jesus onreg gely het, het Hy gebid en die saak in God se hande gelê. Die reg om te oordeel en te straf behoort alleen aan God. “Daar staan immers geskrywe: Dit is My reg om te straf; Ek sal vergeld,” sê die Here (Romeine 12:17-21). Op sy tyd sal God korrupte politieke leiers, onregverdige regters en goddelose godsdienstige leiers van elke land oordeel. Daarom het Jesus Christus as Mens geen behoefte om die reg in sy eie hande te neem nie en mense te bedreig of om wraak te neem nie.! En terwyl Hy ly, het Hy vir sy vyande gebid (Lukas 23:34; vgl. Lukas 6:27-28).

STAP 4. DOEN.**TOEPASSINGS**

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou saam ‘n dinkskrum en maak ‘n kort lysie van moontlike toepassings uit 1 Petrus 2:11-25.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK?

Skryf neer. As jy ‘n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie.

(Let wel dat hoewel ‘n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik ‘n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid wees. Hier volg ‘n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit 1 Petrus 2:11-25.

- 2:11. Gee nie toe aan sinlike begeertes nie want dit bring jou siel in gevaar. Sulke begeertes is seksuele immorele begeertes, selfgerigheid, selfsug, hebsug in materiële sake, magsug in posisie en sug na roem in die maatskappy. Stryd teen sulke verleidinge word beloon met heiligheid en geregtigheid.
- 2:12. Nie-Christene en aanhangers van ander godsdienste sal jou verdruk en vervolgt omdat jy in Jesus Christus glo en as ‘n Christen lewe. Maar as jy goed bly doen aan sulke mense (Lukas 6:27-28), kan God hul vyandskap verander in vriendskap (Spreuken 16:7).
- 2:13-15. Onderwerp jou aan die owerhede en gesagdraers in alles wat ooreenstem met wat in die Bybel geskrywe staan, ook wanneer die owerheid nie-Christen is. Deur vir hulle te bid en goed te bly doen, kan ‘n mens hul onkunde die swye oplê en hulle help om nader tot God te kom (1 Timoteus 2:1-4).
- 2:16. Leef onder die heerskappy van onderdrukkers en vervolgers as mense wat vry is van skuld, skande en mag van die sonde. Leef as mense wat vrygemaak is van haat, vergelding, dreigemente, leuens en onreg.
- 2:17. Toon respek teenoor God deur te volhard om Hom as enige God te aanbid en te dien, veral wanneer jy as Christen verdruk en vervolgt word. En toon respek teenoor die owerhede van jou land in alles wat nie teen die Bybel ingaan nie.
- 2:18-20. Onderwerp jou as werknemer van ‘n nie-Christen werkgever doelbewus aan alles wat nie in stryd met die Bybel is nie. Elke keer as hy jou hard en onregverdig behandel, kry jy ‘n kans om te wys dat jy uit God se genade leef en onverdiende leed verdra omdat jy ‘n goeie gewete vir God wil hê.
- 2:21-23. God roep jou as Christen om te ly, nie omdat jy kwaad of onreg doen nie, maar omdat jy goed en reg doen. Hy

roep jou om te reageer op onreg teen jouself soos wat Jesus gereageer het, sonder om mense te dreig en sonder om wraak te neem. Hij roep jou om nie die wet in eie hande te neem nie, maar om die onreg by God in gebed te bring en aan Hom oor te laat.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit 1 Petrus 2:11-25.

Ek wil die voorbeeld van Jesus Christus volg as ek moet ly. As mense my spot, wil ek nie terug spot nie. En as mense my pyn doen, wil ek nie begin met dreigemente nie. Ek wil nie wegvlug van die pynlike ervaring nie, maar wel leer om lyding te aanvaar en te verdra.

Ek wil nie aanhou met dink oor die rede waarom ek ly nie, maar wel bly dink aan die goeie gevolge van lyding, naamlik, 'n mooier christelike karakter en volharding.

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in 1 Petrus 2:11-25.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur maar één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute)	<i>[VOORBIDDING]</i> <i>BID VIR ANDERE</i>
---	------------------	---

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> <i>VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS</i>
---	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende geleentheid uit of laat die groep dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie in 1 Petrus 2:11-25 met iemand anders of met 'n klein groepie.
2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk op 'n keer uit Job 1, 2, 12 en 14. Maak gebruik van jou gekose Bybelvers- of gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
3. Memorisasie. Oordink en leer uit je kop. (4) Gee. 2 Korintiërs 9:6-7. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor aanbidding van God, jou stiltetyd en hierdie opdrag.